| Wat glo jy regtig? | Omgeegroepe | 10-16 Mei 2015 |
|---|---|---|

**1. Lief en Leed**
Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging van mekaar.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd**
Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in sy teenwoordigheid, en bid saam vir die hoor van sy stem uit die Woord.

**3. Luister na God se Woord**
Lees Hebreërs 11:1-40. Wat is die groot tema wat soos ’n goue draad deur die hele gedeelte loop? Lees ook die eerste twee verse van Hebreërs 12. Lees ook 1 Petrus 3:15 en 16.

**4. Luister na mekaar en die wêreld**
Gesels nou oor geloof. Hoe dink mense in vandag se tyd oor geloof? Watter verskillende tipes gelowe (godsdienste) kry ’n mens? Wat sou die ooreenkomste en verskille wees tussen die verskillende gelowe. Wat maak Christenskap anders as ander gelowe? Dink en praat ook oor ons belydenisgrondslag – wat dink julle as groep van die Belydenis van Belhar en die moontlike wysiging van ons Belydenisgrondslag t.o.v. Artikel 1? Stem jy saam of nie en hoekom? Watse getuienis dink jy/julle dra ons kerk ten opsigte hiervan oor ons geloof uit?

**5. Luister nou weer na die Woord**
Lees nou weer die gedeelte en dink en praat oor wat geloof regtig is. Wat beteken dit dat geloof is *om seker te wees daarvan wat ons hoop, oortuig daarvan wat ons nie sien nie*? Deel julle gedagtes hieroor met mekaar. Gaan kyk na die verskillende geloofsgetuies (geloofshelde) en wat hulle geloof tot gevolg gehad het. Sommige mense noem hulle geloofshelde, maar dalk is hulle eerder geloofsvoorbeelde? Hulle was tog ook maar, net soos ek en jy blote mense met baie foute en swakhede! Die Een op wie ons moet fokus is dus Jesus Christus, die Begin en Voleinder van ons geloof! Lees nou ook Hebreërs 12:1+2. Stel dan as groep ’n definisie van geloof op.

**6. Fokus op wat God doen**
Wat is God se rol en aandeel aan ons geloof? Geloof is ’n gawe wat ons uit God se hand ontvang. Dink maar aan 1 Korintiërs 13. God skenk dit aan ons omdat Hy ons lief het, saam met die gawes van hoop en liefde!

**7. Antwoord met ons lewe**
Geloof is egter ook die hand waarmee ons God se genade ontvang en is as sodanig ook ’n keuse én ’n verantwoordelikheid. Ons moet met ons hele lewe gehoorsaam antwoord op God se liefde en genade! Geloof is gawe, keuse en gehoorsaamheid!

**8. Bid nou saam**
Bely julle geloof saam, hardop of in stilte. Julle kan een van ons belydenisskrifte gebruik of die definisie wat julle opgestel het. Bid ook vir jou groep en geliefdes en ons as gemeente en die kerk van Jesus – dat ons elke dag ons geloof sal bely en uitlewe – want ons lewe in die laaste plek *dit wat ons glo*! Bid ook vir Hemelvaart en Pinkster en die Basaar (Dankfees) wat voorlê. Bid ook vir die groter kerk dat ons met ons geloof-grondslag werklik op God se Woord sal staan en antwoord!

**9. Administrasie**
Maak seker van die groep se diensbeurte en ander reëlings van belang en beplan om saam die Pinksterreeks by te woon.